

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 15, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur

Is u hart in die “Werk”?

Wat is u doel in die lewe? Het u enigsins 'n roeping, 'n doel, behalwe “oorlewing”? Baie mense in ons Westerse wêreld leef materialistiese en selfsugtige lewens. In teenstelling hiermee, het diegene wat werklik suksesvol in die lewe is, 'n doel bo en behalwe die eie ek!

Die meeste van u wat hierdie tydskrif al 'n geruime tyd lees, weet dat die *Wêreld van Môre* 'n wêreldwye doelstelling het. Dit is dieselfde opdrag wat Christus aan Sy dissipels gegee het in Markus 16:15: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom”. Watter Evangelie was dit? Watter boodskap het Jesus aan die wêreld verkondig en watter boodskap sal as 'n getuienis aan die wêreld verkondig word voor Sy Wederkoms? “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Ons wêreld het die “goeie nuus” nodig wat Jesus in Matthéüs 24:14 verkondig het: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom”. Gelukkig vind dit nou plaas! Dit vind grootliks plaas as gevolg van die ondersteuning wat die *Wêreld van Môre*-lesers verleen deur hulle gebede en ander maniere van

ondersteuning wat hierdie uiters belangrike wêreldwye Werk moontlik maak. Duisende van u intekenaars het onlangs op hoofredakteur Roderick C. Meredith se aanbod vroeër in 2015 gereageer, deur ons kragtige DVD, met die titel *The Mission of God's Work*, aan te vra. In hierdie DVD het u die wêreldwye impak van hierdie Werk gesien wat deur toegewyde Christen-ondersteuners en vrygewige medewerkers moontlik gemaak is. Indien u nie reeds u kopie van hierdie inspirerende DVD aangevra het nie, kan u na die streekkantoor die naaste aan u skryf (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif), of aanlyn gaan by TomorrowsWorld.org om u gratis kopie te bestel.

Waarlik, ons wêreld het die toekomstige Koninkryk van God nodig om oor alle nasies te regeer en blywende wêreldvrede te bring onder die Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 19:16). Voor daardie tyd sal die wêreld egter toenemend deur 'n vervalste Christendom mislei word. Dit is skokkend, maar die nasies sal selfs teen Christus veg met Sy Wederkoms (Openbaring 17:14; 19:16-19). Selfs vandag is vervolging van belydende Christene in baie dele van die wêreld aan die toeneem, met inbegrip van die onthoofding van talle mense deur die radikale ekstremistiese groep ISIS.

Vervolging sal baie van ons beproef. Jesus het sy volgelingen gewaarsku: “En julle sal deur almal

gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie” (Matthéüs 10:22-23).

Beskerming vir God se mense

God belooft om Sy ware dienaars te beskerm. Psalm 46 gee aan ons hierdie bemoedigende perspektief: “God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela” (verse 2-4). Wanneer daar dan skynbaar onverklaarbare tragedie plaasvind, soos met enigiemand kan gebeur (Prediker 9:11), gee God aan ons die krag en wysheid om dit te kan verduur en selfs ten spyte van ons heel moeilikste uitdagings te groei.

God belooft om die getrouste en ywerigste Christene teen die komende Groot Verdrukking te beskerm. Hy sal die “vrou” – God se Kerk – “na die woestyn, na haar plek” lei (Openbaring 12:14). Dit is daardie individue **wat hulle harte in God se Werk het** ter vervulling van die Groot Opdrag, vir wie God van die Groot Verdrukking sal bewaar wat Jesus in Matthéüs

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Is u hart in die “Werk”?

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

Hoofartikel 'n Wekroep aan alle Protestante!

3

Indien u 'n “hoofstroom” Protestantse kerk bywoon, het u waarskynlik opgemerk dat hulle ledetal afneem. Waarom gebeur dit?

Oorleef moeilike tye

8

Vir baie van ons is die lewe die een stresvolle oomblik na die ander. Persoonlike en professionele uitdagings dreineer ons en veroorsaak spanning. Daar is egter Bybelse sleutels om ons te help om dit te verduur en te oorwin!

Oorbrug die gaping

12

Deflasie

14

Kan u uself 'n wêreld voorstel waar banke u betaal om 'n lening te maak? Wat kan daarmee verkeerd wees? Die skokkende waarheid is dat deflasie u finansies en u toekoms kan ruïner!

Putte sonder water

18

Daar is 'n leegheid wat skadeliker is as enige opgedroogde opgaardam.

Koning Knoet

20

Werk van Sy Hande

21

“Laat daar lig wees!”

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

'n Wekroep aan alle Protestante!

Deur Roderick C. Meredith

Indien u 'n "hoofstroom" Protestantse kerk bywoon, het u waarskynlik opgemerk dat hulle ledetal afneem. Waarom gebeur dit? Wat behoort u daaromtrent te doen?

As 'n voormalige Protestant met baie familieledede wat nog steeds Protestante is, ag ek dit my plig om u teen 'n eersdaagse *ramp te waarsku!* Die meeste van die Protestantse kerke sal nie eers oor 'n dekade of twee van nou af bestaan nie!

Waarom?

Die rede is dat die oorgrote meerderheid van die mense in Amerika en die hele Engelsprekende wêreld van mening is dat Protestantisme toenemend *ontoepaslik* geraak het. Miljoene Protestantse kerklidmate verkies om *pad te gee*. Hulle word Rooms-Katolieke. Baie mense is eenvoudig moedeloos, ontmoedig en verward. Hierdie verwarde mense beskryf hulleself dikwels as "ontkenners" – wat beteken dat hulle nie aan *enige georganiseerde godsdiens* behoort nie. Hulle probeer net om "geestelik" te word en probeer net om God op *hulle eie manier* te aanbid.

Weereens, waarom?

Die antwoord is eenvoudig: Vir baie mense, indien nie die meeste nie, lyk dit of "Protestantisme" in werklikheid vir feitlik *niks* meer "staan" nie. Die meerderheid van die "hoofstroom" Protestantse kerke volg baie vinnig die gesindhede, oortuigings en die gebruike van hierdie wêreld – hierdie wêreld se

toenemend wêreldse en onregeerbare gemeenskap. *Waar is* die getroue leraars wat op die preekstoel staan en "hoerery" *sterk veroordeel* – soos die Bybel die gebruik noem – om as 'n ongetroude paar net "saam te woon" sonder enige bindende verpligting teenoor God, familie of mekaar? *Waar is* die leraars en priesters wat die gebruik van onwettige dwelms, dronkenskap, leuens, bedrog, *perverse seks* of disrespek vir ouers *kragtig veroordeel*? Bestaan sulke Godvresende, Bybel-gelowige leraars nog *iewers*?

Beslis nie in die "hoofstroom" Protestantisme nie! Indien enige getroue Bybel-gelowige leraar soos hierdie wel in enige van hierdie kerke bestaan het, sou hy spoedig afgedank word of figuurlik "uit die dorp gevlug het"! Dus bevind baie min – indien *enige* – sodanige predikante hulleself nog in "hoofstroom" Protestantisme!

Aan die ander kant *wil dit voorkom* of die Rooms-Katolieke kerk darem nog vir 'n paar dinge "staan"! Daar is miljoene verwarde mense daar buite wat "na iets soek" – *enigiets* van werklike waarde – wat stadig maar seker besig is om te kyk na die oorspronklike "moederkerk" van die Protestantisme as 'n plek van godsdienstige veiligheid.

Baie waarnemers besef dat die vermeende stabiliteit van die Rooms-Katolieke kerk dit al hoe meer aantreklik maak vir voormalige Protestante wat moeg geword het vir hulle eie denominasies se "gesloer" oor so baie kwessies. Studente van Bybelprofesie sal nie verbaas wees om duisende en selfs miljoene mense na hulle "moederkerk" te sien terugkeer in die volgende paar jaar nie!

Die belangrikste probleem

Vir diegene met insig is die *werklike probleem* die feit dat die Protestantse hervormers en hulle opvolgers *nie* eintlik hulle mense na die "geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" teruggelei het nie (Judas 1:3). Onthou die gesegde wat die bekende Protestantse teoloog William Chillingworth dikwels aangehaal het: "Die Bybel, die hele Bybel, en niks anders as die Bybel nie, is die godsdiens van die Protestante" (*Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*, artikel "Chillingworth, W"). Die meeste Amerikaanse kerkgangere – sowel as Britte – dra nogtans feitlik *geen kennis* van die besonderhede van die Bybel nie!

Jesus Christus het Sy volgelinge beveel: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie,

maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). “Die Amerikaanse burgers weet nogtans feitlik niks van die Bybel nie. Hoewel die meeste mense dit as die Woord van God beskou, lees baie min dit nog. Selfs evangelie-gesinde persone van die Bybelstreek lyk of hulle meer daarop fokus om Jesus lief te hê as om te leer wat Hy te sê gehad het” (*Charlotte Observer*, 18 Maart 2007).

Het die laaste sin u aandag getrek? *Dit is lewensbelangrik!* Dit is *waar* dat selfs “Christene uit die Bybelstreek” baie meer daarop gefokus is om “Jesus lief te hê” as op *wat Hy te sê gehad het!* Dit is waarom hulle so verward, so *verdeeld* en so *onkundig* is oor wat die geïnspireerde Woord van God probeer om aan hulle te vertel. Hulle *bestudeer* eenvoudig *nie* hulle Bybel met dieselfde sorg en aandag wat hulle aan 'n boek oor geskiedenis, wiskunde of kwantumfisika sou gee nie. Hulle benader dit net met 'n sentimentele gesindheid en lees stukkie en brokkies daaruit – hulle *bestudeer nie* regtig die *hele Bybel* met 'n begeerte en gebed vir *begrip* nie en vra God nie vir die gewilligheid om *gehoorsaam* te wees aan wat Hy aan hulle sê in die bladsye daarvan nie!

In plaas van om die *geïnspireerde Woord van God* as die fundamentele paradigma of “model” te gebruik van wat hy wou herstel, het Martin Luther – wat erken word as die *primêre stigter* van Protestantisme – vermoedelik in opstand gekom teen sekere Rooms-Katolieke

gebruike. Trouens, hy het bedoel om nogtans met baie van die basiese *leerstellings* van Katolisisme voort te gaan, behalwe met daardie waarmee hy persoonlik verskil het! Protestantisme is dus 'n “mengelmoes” van verskillende idees. Sommige idees is nog van heidense praktyke oorgehou wat deel van die vroeë Rooms-Katolieke was. Ander is van die selektiewe gebruik van sekere skrifgedeeltes afgelei terwyl ander geïgnoreer word. Ander idees was niks meer as 'n gier van Luther en sy kollegas sonder die inagneming van die Skrif nie! Dit wil voorkom of dit nooit by hulle opgekom het dat indien hulle werklik die “geloof wat eenmaal oorgelewer is” wou *herstel*, dit dan nodig sou wees om *ten volle terug te keer* na die leerstellings van die Bybel nie!

Dit is dus merkwaardig dat in verwerping van die leer van transsubstansiasie – die idee dat brood en wyn Christus se letterlike liggaam en bloed word – Luther die *absolute gesag* van die Skrif in sake van geloof en gebruik verklaar. Hy meld: “Want dit wat beweer word sonder die gesag van die Skrif of van bewese openbaring kan beskou word as 'n mening, maar daar is geen verpligting om dit te glo nie ... Transsubstansiasie ... moet beskou word as 'n uitvindsel van die menslike rede, aangesien dit nóg op die Skrif gegrond is nóg op nugter beredenering” (*Documents of the Christian Church*, red. Bettenson, bl. 280).

Indien Luther voortgegaan

het om hierdie tipe van skriftuurlike toets op *al* sy leerstellings toe te pas, sou die wêreld vandag 'n ander soort plek gewees het! Tydens die aanklag vir die invoeging van die woord “sola” (*alleen*) in Romeine 3:28, het hy uit die hoogte geantwoord: “Indien u Pous homself enige onnodige ergernis oor die woord *sola* gee, kan u prontuit antwoord: Dit is die wil van dr. Martin Luther dat dit so sal wees” (*Manual of Universal Church History*, bl. 199). Ons kan ook op goeie gesag byvoeg, dat geen ander rede vir sulke onskriftuurlike veranderinge soos hierdie, ooit gegee is nie. Wanneer dit by Luther se eie persoonlike dogmatiese oortuigings kom, was Martin Luther werklik *'n eiesinnige man*.

In die beoordeling van enige mens of beweging, het Jesus gesê: “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Mattheüs 7:20).

Indien mens eerlik en objektief die werklike “vrugte” van die uitlewing van Protestantisme – of Katolisisme wat dit betref – in enige nasie of gebied van die wêreld in ag neem, word dit duidelik dat *ware* Christenskap nie in *enige* van daardie plekke herstel is nie. Soos alle studente van geskiedenis weet, baie van die groot oorloë van die laaste paar honderd jaar het in Europa plaasgevind. Ons lees van Protestante wat teen Protestante veg, Katolieke wat teen Katolieke veg. Elke kant se biskoppe of priesters sal dikwels die troepe “seën” wanneer hulle teen die rant opgaan om die

vyand met die bajonet te steek en sy ingewande uit te haal. Daardie “vyand” mag dalk selfs 'n persoon van hulle *eie godsdienstige geloofsoortuiging* wees!

Christelikheid?

God identifiseer die Roomse kerk

Die volharding van die Protestantse leiers op hulle *basiese eenheid* met die Katolieke kerk en hulle identifikasie van haar as hulle “moeder”-kerk, is *baie betekenisvol!*

In die vroeë uitgawes van Martin Luther se vertaling van die Nuwe Testament, is daar baie illustrasies wat die “Hoer van Babilon” as die *Rooms-Katolieke kerk* uitbeeld. Terwyl hy hierdie *algemeen aanvaarde interpretasie* beskryf, vertel Roland Bainton aan ons: “Gevalle Babilon is duidelik Rome” (*Here I Stand*, bl. 258). Talle Protestantse boeke, pamflette en traktate maak vandag dieselfde identifikasie. Hulle bestempel die Rooms-Katolieke kerk as die “Groot Hoer” van Openbaring 17.

Daar moet nogtans toegegee word dat die meeste van die meer konserwatiewe Protestantse kerklike skrywers opgehou het om hierdie identifikasie te maak. Na daardie eerste uitgawes van die Bybel en hulle verskeie pamflette en traktate, het hulle tot hulle verleentheid besef dat *hulle van hulleself praat!* In een van die gedeeltes wat die heel maklikste in hierdie geïnspireerde profetiese boek verstaan word,

beskryf God 'n groot vals godsdienstige stelsel wat sou ontstaan en bestempel dit as “die Groot Babilon” (Openbaring 17:1-6).

Wanneer ons na Openbaring 17 blaai, sien ons dat die vrou wat hier uitgebeeld word, 'n gevalle vrou is – 'n “Groot Hoer”. Sy sit op “baie waters”. In vers 15 identifiseer die profesie self hierdie waters as “*volke en menigtes en nasies en tale*”. Hierdie gevalle vrou is dus 'n groot kerk – wat oor baie *nasies en volke* regeer. Sy word daarvan beskuldig dat sy met die konings van die aarde “gehoereer het”. Geestelik kan dit net beteken dat sy aan inmenging in die *politiek* en *oorloë* van hierdie wêreld skuldig is.

Christus het gesê dat Sy Koninkryk *nie van hierdie wêreld* is nie (Johannes 18:36). Jakobus praat van diegene wat aan die stoflike *welluste* en *oorloë* van hierdie wêreld deelneem as geestelike “*egbrekers*” (Jakobus 4:1-4). Die profesie word nou duidelik! Hierdie afvallige kerk word veroordeel omdat sy in *politiek betrokke was* en aan die *oorlogvoering* van hierdie wêreld deelgeneem het.

Hierdie gevalle vrou, of kerk, is met *purper* en *skarlaken* kleure geklee. Die purper simboliseer *koninklike mag* en *waardigheid*. Die skarlaken dui op haar *geestelike hoerery!* Sy is 'n *welgestelde* kerk, “versier met goud en kosbare stene en pêrels” (Openbaring 17:4). Johannes skryf: “En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed

van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien” (vers 6).

Hierdie kerk het baie van God se heiliges *wreed vervolgd en gemartel*. Haar *rykdom*, haar *mag* en haar *koninklike waardigheid* het egter 'n gevoel van ontsag ingeboesem, selfs by Johannes! Later openbaar God: “En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde” (vers 18).

Al hierdie beskrywings is *volmaak* toepaslik op die *Rooms-Katolieke kerk!* Hierdie is die kerk wat God se verspreide mense deur die eeue heen vervolgd het. Hierdie is die kerk wie se *rykdom* en *materiële mag* geen gelyke het nie. Hierdie is die kerk wat sy *eie weermag* gehad het en aktief aan die *oorloë* en *politiek* van hierdie wêreld deelgeneem het!

Slegs die hoofstad van die “Christendom” in Rome kan werklik 'n “groot stad” genoem word wat oor die konings van hierdie wêreld regeer het. *Daar is geen twyfel oor hierdie identifikasie nie!* Alexander Hislop verklaar in sy merkwaardige boek, *The Two Babylons*: “Daar was nog nooit enige twyfel in die verstand van enige verligte Protestant om die vrou wat op 'sewe berge' sit en op wie se voorkop die naam 'Verborgenheid, die groot Babilon,' geskryf is, met die Roomse afvalligheid te verbind nie” (Hislop, bl. 1).

(Vervolg op bladsy 6)

Wat lê binnekort voor?

My vriende, miljoene mense in hierdie verskriklike deurmekaar wêreld sal hulleself binnekort na die Rooms-Katolieke kerk wend. Onwetend sal hulle ook deel word van wat die Almagtige God noem: “Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra. Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit” (Openbaring 17:5-9). Dus is die “vrou” van Openbaring 17 die “moeder” van die hoere. Haar “dogter” kerke het **in protes** uit haar uitgekom. Hulle word derhalwe “Protestante” genoem!

Dus sal die Romeinse Ryk – waarop die “vrou” figuurlik sit – in Europa opgang maak en vir 'n paar jaar die *heel magtigste* moondheid in die hele wêreld wees! Daar was ses “herle-

wings” van dié ryk – met inbegrip van die Mussolini/Hitler herlewing, wat slegs vir 'n kort tydjie geduur het. Die *finale* herlewing sal binne die volgende paar jaar van *u lewe* plaasvind.

U behoort “gereed” te wees! U behoort *hierdie dinge* te *bestudeer* en te *bewys*, sodat u sal verstaan wat binnekort voorlê en **hoe** dit *alles* in u lewe sal raak – asook die lewens en toekoms van u kinders en geliefdes! Hierdie “Dier” sal net vir sowat drie-en-'n-half jaar bestaan en dan na die “verderf” gaan (Openbaring 17:11). Gedurende daardie tyd, beskryf God hierdie ontsaglike moondheid met hierdie woorde: “En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan **uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:2-4). Dan dui u Bybel weer duidelik die *rykdom* en *mag* aan wat hierdie godsdienstig-politieke stelsel sal hê: “En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar,

omdat niemand hulle koopware meer koop nie” (vers 11). Weer: “... want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei” (vers 23).

Hierdie hele stelsel het 'n magtige “vervalste Christendom” geword en sal selfs nog meer invloedryk raak! Dit “lyk goed” – op die oppervlak. *Enige stelsel* of godsdiens wat die Bybel verwerp, verwerp egter God se geestelike Wet – die Tien Gebooie – hulle gaan voort op hulle eie manier onder die “tradisies van mense” en sal spoedig ontaard en veroorsaak dat sy mense *baie swaar sal kry* onder die invloed van Satan die duiwel! Die apostel Paulus was deur God geïnspireer om hierdie selfde stelsel te beskryf asook die toekomstige “valse profeet” wat dit sal lei. In sy beskrywing van die einde van hierdie tydperk vertel Paulus aan ons: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

Binne die volgende dekade of twee, sal 'n baie slim en charismatiese individu opgang maak en *miljoene mense absoluut mislei!* Hy sal aan die hoof van die “verborgenheid van die ongeregtheid” staan (vers 7). Dit is 'n verborgenheid wat

“wetteloos” is in die sin dat dit die noodsaaklikheid ontken om God se Wet te gehoorsaam! “[E]n dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie” (verse 8-10). Die valse leraars in hierdie stelsel sal selfs “wonders van die leuen” uitvoer. Die komende groot valse profeet “... doen ook groot tekens, sodat hy selfs **vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy **verlei** die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (Openbaring 13:13-14).

Soos ons egter gesien het, sal sy invloed spoedig tot 'n **einde** kom. Selfs al is hierdie

komende stelsel so magtig en invloedryk dat sy leërs sal saamtrek om letterlik *teen Christus te veg* (Openbaring 17:14), sal hierdie komende militêre leier – die “Dier” – en die Valse Profeet, gou *vernietig* word en tot 'n *skandelige einde* kom (Openbaring 19:19-21).

U lewe – en alles rondom u – sal *binnekort verander!* Daar sal *geen Protestantisme meer* wees nie! Selfs die magtige Rooms-Katolieke kerk en sy leiers sal binnekort tot 'n *einde* kom. God maak dit baie duidelik aan diegene wat gewillig is om te verstaan en *die Bybel te glo* en wat dit duidelik aan diegene sê wat gewillig is om te luister!

Mag God *u* help om aandag te skenk en **daadwerklik op te tree** voordat dit te laat is!

Indien u werklik die besonderhede van dit alles wil verstaan, maak seker dat u die streekkantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) kontak om u *gratis* eksemplare van twee van ons kragtigste en betekenisvolste boekies aan te vra. Skakel of skryf vandag nog, of gaan aanlyn by www.wvm.co.za en bestel ons insiggewende boekies naamlik *Hervestig die oorspronklike Christenskap* en

Satan se vervalste Christendom. Hierdie onderwerpe sal selfs *nog duideliker* gemaak word as wat ek dit in hierdie een artikel kan doen. Dit *berus nou by u*.

Elkeen van u wat hier lees het *twee keuses*: Óf u sal aandag daaraan skenk en *daadwerklik optree* en begin om na “God te soek” deur bestudering van Sy Woord en gewillig wees om te doen wat Hy uitdruklik en duidelik in die Bybel sê! U sal dan teen die toekomstige Groot Verdrukking beskerm word (Openbaring 12:12-14). Óf u kan net hoop dat alles sal “verdwyn” en dat u veilig met u lewe kan voortgaan en deel van hierdie wêreld wees – deel van “die groot Babilon” soos God dit noem.

Wat u ook al doen, *onthou asseblief*: God maak dit duidelik dat almal wat ingesluit is in hierdie verfoeilike stelsel wat nou besig is om te ontwikkel, na 'n paar jaar *absoluut vernietig sal word*. Diegene wat hulle na die Skepper-God wend sal *vir ewig lewe* in Christus se toekomstige Koninkryk wat binnekort op hierdie aarde gevestig sal word. *Dit is u keuse!* **WVM**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Oorleef moeilike tye

Deur Richard F. Ames

U kerk is besig om Christus se boodskap af te water. U geld verloor sy waarde. U werk maak u gek. Oral waar ons kyk word die waardes waarmee ons grootgeword het soos vullis weggegooi. Daar is egter hoop. God se Woord bied noodsaaklike sleutels om ons te help om dit te verduur en selfs ons grootste struikelblokke te oorkom!

Ons leef in 'n vinnig-versnellende tegnologiese wêreld. Dit lyk asof die tempo van die lewe en die intensiteit van die aktiwiteite versnel. Dit is geen wonder dat baie mense uiterste bekommernis, angs en vrees ervaar nie. Net die stres van die alledaagse lewe kan ons doodmaak. Ons pendel in druk verkeer, ons verkeer saam met vleeslike, twisgierige mense; ons het met finansiële, maatskaplike, persoonlike en werkverwante probleme te doen. Voeg by daardie spanning die kwessies van misdaad en geweld wat ons stede en nasies teister!

Hoe hanteer u en u gesin die druk, uitdagings en spanning van die daaglikse lewe? Die Nasionale Instituut vir Geestesgesondheid is van mening: "Angsversteurings raak omtrent 40 miljoen Amerikaanse volwassenes van die ouderdom van 18 jaar en ouer (ongeveer 18%) in 'n gegewe jaar en veroorsaak dat hulle vol kommer en onsekerheid is ... 'n Groot nasionale opname van adolessente geestesgesondheid, het berig dat sowat 8% van tieners tussen die ouderdomme 13-18 'n angsversteuring het, met simptome wat gewoonlik te voorskyn kom rondom die ouderdom van 6" (*Anxiety*

Disorders in Children and Adolescents Fact Sheet").

Onder die heel algemeenste angsversteurings, volgens die NIGG, word angsversteuring, obsessief-kompulsiewe versteuring, paniekversteuring, post-traumatische stresversteuring en maatskaplike fobies veralgemeen. Volgens die Angs en Depressie Vereniging van Amerika is angsversteurings die mees algemene geestelike siekte in die VSA en kos jaarliks meer as \$42 miljard, byna 'n derde van die land se \$148 miljard totale geestesgesondheid-rekening" (*Facts and Statistics*, www.adaa.org).

In onlangse jare het die wêreldwye resessie miljoene, indien nie miljarde, mense geraak. Die meeste van ons moes moeilike tye in ons lewens deurmaak. Kan u in moeilike tye oorleef? U Bybel gee aan ons honderde beloftes van die Almagtige God wat aan u moed, geloof en ongelooflike seëninge kan gee.

Hoe kan ons ons spanning hanteer? Hoe kan ons onder ons daaglikse druk volhard? By die *Wêreld van Môre*, maak ons op die Bybel staat vir ongelooflike oplossings vir ons probleme. In hierdie artikel sal ons vyf belangrike strategieë in aanmerking neem wat u kan

help om in moeilike tye te oorleef.

1. Maak aanspraak op God se beloftes

Die apostel Petrus skryf: "Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is" (2 Petrus 1:2-4).

Die apostel Petrus praat nie sommer net van algemene beloftes nie, maar wys daarop dat hierdie die "grootste en kosbare beloftes" is! Terwyl ons kinders was, het ons ouers soms beloftes aan ons gemaak. Ons het na die vervulling van daardie beloftes uitgesien. In hierdie geval behoort ons die Bybel vir hierdie kosbare beloftes te deursoek. Ons het 'n hemelse Vader wat weet wat ons behoeftes is en belof om dit te vervul. Jesus beveel ons om ons prioriteite reg te stel. Hy sê aan ons: "Maar soek eers die konin-

kryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad" (Matthéüs 6:33-34). Is dit **u** prioriteit? Ons moet die belangrikste doel van alles soek, die Koninkryk van God en Sy geregtigheid. Indien ons dit doen, kan ons op God se ontsagwekkende beloftes wat Hy vir ons het aanspraak maak.

Hoe kan u u probleme die hoof bied? Is u bekommerd? Is u angstig? God het wonderlike beloftes gemaak om aan ons gemoedsrus te gee. Neem in ag: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:6-7).

Dit is 'n kosbare seën! Daar is nog vele meer. Maak u Bybel oop. Lees God se beloftes vir gemoedsrus en vir talle ander voordele en seëninge. **Maak aanspraak op God se beloftes!** Herinner God daaraan dat Hy aan u beloftes soos dié gegee het:

*Om ons gebede te beantwoord

(Matthéüs 7:7-8);

*Om in al ons behoeftes te voorsien

(Filippense 4:19);

* Om ons lewens te lei

(Spreek 3:5-6);

*'n Lang lewe indien ons ons vader en ons moeder eer

(Efésiërs 6:2-3);

*Om aan ons die begeertes van ons hart te gee, **indien** ons ons in Hom verlustig (Psalm 37:4-5);

*Die vermoë om beproewings te verduur

(1 Korinthiërs 10:13);

*Die gawe van die Heilige Gees

(Handelinge 2:38; 11:15);

* Die gawe van Sy liefde

(Romeine 5:5);

*Vergifnis van ons sondes na bekering

(Handelinge 2:38);

*Die ewige lewe

(1 Johannes 2:25).

Bestudeer hierdie beloftes in die Bybel. Herinner God daaraan dat Hy aan **u** hierdie beloftes gegee het. Vra God in geloof om hierdie beloftes in **u** lewe te vervul en u sal begin om groter gemoedsrus te hê!

2. Bid daaglik

'n Opname wat in Maart 2014 deur die Nasionale Advies Navorsingsentrum by die Universiteit van Chicago vrygestel is, het bevind dat Amerikaanse belangstelling in godsdiens afneem, maar dat daaglikse gebed stabiel is. "n Volle 57% van die respondente het gesê hulle bid ten minste een keer op 'n dag, weinig verskillend van 54% in 1983 toe hierdie vraag die eerste keer in die opname gevra is. 'n Driekwart van die mense het gesê hulle bid ten minste een keer in 'n week, terwyl 1 uit 4 sê hulle bid minder dikwels of nooit nie" (*Charlotte Observer*, 8 Maart 2015, bl. 14A).

Ons behoort die ware God van die Bybel te soek en die

voordele van 'n intieme verhouding met ons Vader in die hemel te geniet. Jesus se dissipels het Hom eenkeer gevra: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het" (Lukas 11:1). Jesus het voortgegaan om aan hulle die algemene raamwerk vir gebed of die modelgebed te gee. Let op na een versoek wat ons in ons gebed behoort te rig: "... gee ons elke dag ons daaglikse brood" (Lukas 11:3). Ons behoort elke dag te bid. Die apostel Paulus vermaan ons: "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle" (1 Thessalonicense 5:16-18).

Ja, ons kan in moeilike tye oorleef **indien** ons tot God uitroep om hulp! Bid in Jesus se Naam en God die Vader in die hemel sal reageer. Jesus beklemtoon verder hierdie gesag om in Sy Naam te vra. "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As jy iets in My Naam vra, sal Ek dit doen" (Johannes 14:13-14).

Ons behoort deur daaglikse gebed elke dag nader aan God te beweeg. Gaan op u knieë, indien u fisies daartoe in staat is en laat u versoeke aan God bekend word. God is 'n liefdevolle Vader en Hy wil graag goeie dinge aan u gee. Ons behoort onself egter te verootmoedig en tot Hom uit te roep. God moedig ons aan om met vrymoedigheid in gebed voor Sy troon in die hemel te kom. Ons kan dit doen, want ons

Verlosser en Hoëpriester, Jesus Christus, is aan God se regterhand om vir ons in te tree. “Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:14-16).

Let daarop dat koning Dawid van ouds – 'n man na God se hart (Handelinge 13:22) – dikwels drie keer per dag gebid het. “Maar ek, ek roep God aan, en die HERE sal my verlos. Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem” (Psalm 55:17-18).

'n Ander dienskneg van God het gereeld elke dag gebid. Die groot profeet Daniel se gewoonte was om drie keer per dag op sy knieë te bid, soos ons in Daniël 6:11 lees.

Die sleutel is gereelde gebed uit die hart. Ons behoort gereeld geloof te beoefen – daaglik en weeklik. Die apostel Paulus gee aan ons hierdie bemoedigende perspektief: “Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens **dag ná dag** vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oor-

treffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2 Korinthiërs 4:16-18).

3. Handhaaf 'n positiewe gesindheid

Saam met volgehoue daaglikse gebed behoort ons te volhard om 'n positiewe gesindheid te hê. Onthou dat ons innerlike mens daaglik vernuwe word. Kyk na die groot geheelbeeld in die wete dat God op Sy troon is en na u omsien wanneer u Hom vra. Ons het vroeër gelees: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking **met danksegging** bekend word by God” (Filippense 4:6). Ons oorkom ons bekommernisse deur ons intiemste gedagtes en bekommernisse met God in gebed te deel. Ons beoefen 'n positiewe gesindheid in ons gebede deur God te dank. Tel u seëninge! Soos Paulus ons leer: “Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle” (1 Thessalonicense 5:16-18).

Al die geld in die wêreld kan nie die vrede van God **koop** nie. Dit kom net deur God se beloftes op te eis. Die apostel Paulus vermaan ons om geestelike dissipline toe te pas en om positief **te dink**. “Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof

daar ook mag wees, bedink dit” (Filippense 4:8)

Baie mense rondom ons sukkel om geestelik stabiel te bly. Neem hierdie verslag in ag: “In 2010 het 21% vroue van 20 jaar en ouer 'n anti-depressant gebruik. Vanaf 2001 tot 2010 het die aantal vroue op 'n anti-depressant met 29% toegeneem. Die heel opvallendste verhoging (40%) was onder vroue van 65 jaar en ouer. Mans se gebruik van anti-depressante is byna die helfte van dié van vroue, maar is ook aan die toeneem, met 'n 28% toename oor die afgelope dekade” (*America's State of Mind Report*, Medco Health Solutions, 2011).

Handhaaf **u** 'n positiewe gesindheid? Ons kom almal voor beproewings, moeilikhede en probleme te staan. Hoe hanteer ons hulle? Die apostel Paulus het ernstige probleme ervaar, is selfs by een geleentheid byna met klippe doodgegooi. U kan in Handelinge 14:19 daarvan lees. Paulus was in die tronk en in kettings. Hy kon nogtans die sendbrief in die tronk aan die Filippense skryf en hulle vermaan: “Verbly julle altyd in die Here” (Filippense 4:4).

Die apostel Jakobus moedig ons aan om 'n positiewe gesindheid in ons beproewings te hê. “Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan

wees en in niks kortkom nie” (Jakobus 1:2-4).

Hou altyd die geheelbeeld in gedagte. Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid soos ons in Mattheüs 6:33 lees. Ag u beproewings as vreugde wanneer u besef dat hulle goddelike geduld en karakter voortbring.

4. Lees elke dag die Bybel

God openbaar die Waarheid in Sy heilige Woord, die Bybel. Wanneer ons die Bybel lees kan ons weet wat God se gedagtes is. Sy aangetekende wonderwerke wat in die antieke nasies van Israel en Juda verrig is word dikwels “verlossingsgeskiedenis” genoem en moedig ons baie aan. Ons onthou dat God die antieke Israeliete deur die Rooi See geneem het en hulle van die knelling van slawerny in Egipte bevry het. Ons dink aan die krag wat God aan die jong skaapwagter, Dawid, gegee het om Goliat, die reus, dood te maak. God het Daniël uit die leeukuil bevry. Hy het die drie jong Joodse manne uit die vuuroond in Babilon verlos. Christus het skares mense van alle soorte siektes en ellende genees en God het die gestorwe Jesus opgewek nadat Hy drie dae en drie nagte in die graf was. Wanneer ons van God se wonderwerke en Sy baie beloftes lees, kan ons in die geloof groei. Soos Paulus verduidelik: “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17).

Namate u die Woord van

God, die Bybel, bestudeer, sal God aan u meer geloof gee om die lewe se uitdagings die hoof te bied. Bybelse profesie help ons ook om die toekoms te leer ken. Bo en behalwe die beproewings van vandag se chaotiese wêreld, belooft God ons dat 'n nuwe wêreld aan die kom is en 'n nuwe wêreldregering wat wêreldvrede op planeet Aarde sal vestig. Dit staan as die Koninkryk van God bekend. Jesus Christus word Vredevoers genoem. Lees in u eie Bybel hierdie wonderlike profesie: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen” (Jesaja 9:5-6).

Ja, die Bybel openbaar die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God op planeet Aarde, wanneer alle nasies in vrede sal leef. U Bybel gee aan ons “die profetiese woord wat baie vas is” (2 Petrus 1:19) of, soos die Nuwe Vertaling dit stel, “dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig”. God openbaar die wonderlike toekoms en ons ongelooflike menslike potensiaal.

5. Gee om vir ander mense

Die tweede grootste gebod

is: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheüs 22:39). Wanneer u op die behoeftes van ander mense fokus, verminder u persoonlike stres. Waarom? Omdat u 'n groot geestelike gebod nakom! Daar is baie maniere waarop ons ander mense kan liefhê. Ons kan ons liefde, besorgdheid en deernis oordra aan diegene wat siek is, hulle selfs in die hospitaal besoek. Ons kan aan die armes gee en help voorsien in die behoeftes van ander. Ons kan vir ander mense bid wat probleme het met vervolging, finansies, siekte en maatskaplike konflikte. God het elke mens op aarde lief en Hy beveel ons om vir ander mense te bid. Hy sê aan ons: “...bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word” (Jakobus 5:16). Die apostel Paulus moedig ons aan om vir leiers in regerings en vir andere te bid: “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Timótheüs 2:1-4).

Wanneer ons vir ander mense omgee, wanneer ons aan hulle behoeftes, uitdagings en probleme dink, sal God ons seën om vir hulle op watter wyse ookal te kan gee. Onthou die uitnemendste lewenswyse wat Jesus ons leer: “Dit is saliger om

Vervolg op bladsy 26

O Kanada!

Oorbrug die gaping

Deur Winston Gosse

Op 1 Julie 1867 het **Kanada se Konfederasie** vier oostelike provinsies saam verbind om 'n nuwe en verenigde land te vorm. Om toegang te verkry, is die provinsies van Nova Scotia en Nieu Brunswick verseker dat 'n spoorlyn voorsien sal word om hulle met die twee Middel-Kanadese provinsies – Quebec en Ontario – te verbind.

Manitoba, die provinsie direk wes van Ontario, het later in 1870 by die Konfederasie aangesluit. In 1871 is Brits-Columbië aan die verre weskus ooreed en uitgelok om by die jong Konfederasie aan te sluit, maar slegs met die uitdruklike belofte dat 'n transkontinentale spoorlyn binne tien jaar gebou sou word om oos en wes fisies te verbind. 'n *Nasiebou* poging van kus tot kus was in wording.

Binne vier jaar van die Konfederasie het die Kanadese nasie wat destyds 'n bevolking van ver onder die vier miljoen mense gehad het, bepaal dat dit die wêreld se langste spoorlyn oor “leë” – onbekende en relatief onbevolkte land – sal bou. Soos in die meeste moedige ondernemings, het almal nie saamgestem nie. Trouens, baie mense het die plan as voortvarend en selfs roekeloos bestempel. Sommige mense het selfs daarna verwys as “waansinnige roekeloosheid”.

Gedurende die 1870's was Kanadese van alle groepe – politici en joernaliste, kontrakteurs, bankiers, landmeters en die gemiddelde werkende man – dus óf besig om te veg vir die spoorlyn, óf onversetlik daarteen gekant. Sou hierdie nasionale droom op 'n nagmerrie uitloop?

'n Nasionale droom

Die spoorlyn se aanvanklike konstruksie is deur omstredenheid gekenmerk. Daardie omstredenheid sou uiteindelik die Konserwatiewe regering van Kanada se eerste Eerste Minister, John A. Macdonald, tot 'n val bring en in 1873 'n verkiesing afdwing. Teen die tyd dat Macdonald in 1878 weer aan bewind gekom het, was die projek ernstig agter skedule en in gevaar om nooit voltooi te word nie. Alles was egter nog nie verlore nie, 'n groep sakelui het uiteindelik 'n sindikaat gevorm, vasbeslote om hierdie nasionale droom te voltooi.

Die volgende geskiedenis vanuit die *Canadian Pacific* webwerf behoort ons oor die saak in te lig: “Op 21 Oktober 1880 het 'n groep Skots-Kanadese sakelui uiteindelik 'n lewensvatbare sindikaat gevorm om 'n transkontinentale spoorlyn te bou. Die *Canadian Pacific*

Railway Company is op 16 Februarie 1881 geregistreer, met George Stephen as die eerste president.

“Die 1881 konstruksie-seisoen was 'n ramp en die hoofingenieur en algemene superintendent van die spoorlyn is aan die einde van die seisoen afgedank, nadat slegs 211 km (131 myl) van die spoorlyn gebou is. Sindikaat-lid en direkteur James Jerome Hill het voorgestel dat William Cornelius Van Horne die man was wat die werk gedoen sou kry.

“Canadian Pacific Railway is in 1881 gestig met die ontsaglike potensiaal om Kanada se bevolkte sentra met die relatief onbevolkte Weste te verbind. Hierdie ongelooflike ingenieursprestasie is op 7 November 1885 voltooi – ses jaar voor skedule – toe die laaste pen by Craigellachie, BC ingeslaan is” (*Our History*, Canadian Pacific, www.cpr.ca, 2015).

Op 7 November 1885, is die oostelike en westelike gedeeltes van die *Canadian Pacific Railway* uiteindelik met mekaar verbind toe 'n man met die naam van Donald A. Smith die “laaste pen” ingeslaan het.

Die besluit om voort te gaan ten spyte van onverbiddeleke en by tye kwaai teenstand, sou later blyk om die regte een vir die land

te wees – 'n besluit wat bestem was om die lewens van elke man, vrou en kind in Kanada te verander en die toedrag van sake vir die nasie te verander. Dit sou 'n fisiese *oorbrugging van 'n gaping* wees en sou 'n uitgestrekte land saamsmelt deur mense geredelik saam te snoer en die groot natuurlike hindernisse van Kanada se wildernis te oorkom.

Ander hindernisse bestaan egter tot vandag toe.

'n Droom vir die toekoms

In hierdie wêreld is daar *baie* dinge wat nasies en volke verdeel en baie van hulle is groter as selfs geografiese hindernisse soos die see, berge en die groot uitgestrektheid van land. Godsdien, kulturele verskille, politieke oortuigings en nasionale agendas dryf mense en nasies dikwels weg van die hoop van ware eenheid.

Die bou van 'n spoorwegstelsel, hoewel op baie maniere voordelig, bied nie die weg om ware vrede en eenheid tussen nasies te bereik nie, selfs nie eers binne die grense van een nasie nie. Die mensdom, in sy begeerte na eenheid en voorkoming van oorlog, het wêreldorganisasies soos die Verenigde Nasies en sy voorganger die Volkebond gestig, met die doel om eenheid en vrede tussen nasies te handhaaf. Vandag hoor ons selfs van die begeerte om 'n "Een Wêreldregering" te hê.

Kan die mens – wat sukkel om selfs 'n spoorlyn van kus tot kus te bou – ooit hoop om daardie enkele wêreldregering en die eenwording van al die nasies te bereik? Die geskiedenis het herhaaldelik die onvermoë van die mensdom om dit te kan doen getoon.

God se Woord praat daarvan dat dit werklik sal gebeur; nie deur die metodes en idees van feilbare mense nie, maar onder die direkte heerskappy van Jesus Christus, deur 'n "Een Wêreldregering" wat u Bybel die *Koninkryk van God* noem. Die teruggekeerde Jesus Christus sal die *gaping* tussen nasies en volke *oorbrug*.

Hoe sal dit gedoen word?

Ons lees in Jesaja 11:9: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol **wees** van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek". God se Wette, wanneer dit na behore gevolg en gehoorsaam word, sal die wyse wees waarop eenheid bereik sal word en die mens se hartewens en drome vervul sal word: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van

nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaarsal dit doen" (Jesaja 9:5-6).

God is vasbeslote om wêreldvrede en eenheid onder die nasies teweeg te bring, op Sy manier – wat die heel beste manier is, soos die wêreld sekerlik sal sien. Jesaja 19:23-25 beskryf 'n voorbeeld van die samesyn en eenheid en 'n oorbrugging van die gaping wat bereik sal word tydens die bewind van die Koning van die konings: "In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië *die HERE* dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskaars hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!"

In daardie tyd sal die mense van hierdie wêreld baie meer as 'n vervulde "nasionale droom" deur fisiese middele ervaar. Hulle sal uiteindelik die **werklikheid** van ware vrede en harmonie ervaar – en die einde van alle tweedrag en wed-ywering onder die nasies, wanneer Jesus Christus weer kom om Sy wêreldregerende heerskappy te vestig.

Dit is waarom Christus ons beveel om daagliks te bid: "... laat u koninkryk kom". **WVM**

Deflasie!

Deur Dexter B. Wakefield

Dit kan u rykdom steel en u wêreld omverwerp!

Die finansiële wêreld is onderstebo! Kan u uself 'n wêreld indink waar banke u op u spaargeld laat rente betaal en u betaal om 'n lening te maak? Terwyl die meeste mense oor "hiper-inflasie" bekommerd was, word 'n nuwe tendens – deflasie – in Europa ervaar en het dit selfs 'n uitwerking op die Verenigde State. Wat sal dit vir u en u toekoms inhou?

Onlangs het *banke* in Spanje, Portugal en ander dele van Europa *werklik rente aan hulle leners betaal – eerder as aan die deponeerders!* Hierdie verskynsel word "**negatiewe rente**" genoem en hoewel dit 'n bietjie ingewikkeld is, *behoort u te weet hoe dit werk!*

Negatiewe rente kan op verskeie maniere voorkom. In Europa het sommige nasies en korporasies skuldbriewe uitgereik wat *minder terugbetaal as wat geleen was*, wat dus 'n negatiewe opbrengs vir die belegger tot gevolg gehad het.

Vroeg in 2015 het die *Washington Post* berig dat "in Europa se dapper, nuwe, deflasiënêre wêreld ... word Frankryk, Finland, België, Denemarke, Nederland en Duitsland almal **deur beleggers betaal** – dit beteken effektekoerse is negatief – vir lenings van tot vier en soms selfs ses jaar. Switserland word selfs betaal om vir tien jaar te leen. *Dit het nog nooit voorheen êrens gebeur nie.* Dit is egter nie net regerings wat mense betaal vir die voorreg om aan hulle te leen nie. Dit is maatskappye ook. Of, ten minste een van hulle: Nestlé. Sy €500 miljoen skuld wat in Oktober 2016 terugbetaalbaar is, het die eerste korporatiewe

effekte van 'n jaar of langer geword wat 'n negatiewe opbrengs het ... Waarom sou mens ooit vir Nestlé, of vanselfsprekend vir enigiemand anders, betaal om van jou geld te leen? Wel, omdat daar nie genoeg inflasie en nie genoeg effekte is nie. Dit maak meer sin indien mens kyk in watter geldeenheid Nestlé leen, naamlik die Euro. Pryse val tans teen 0,6% in die Eurosone, dus sal 'n euro môre meer wees as vandag. Dit beteken dat dit kan sin maak om geld vir niks of selfs negatiewe bedrae uit te leen. Dit is omdat die Euros waarmee daar terugbetaal word, meer werd sal wees as die Euros waarmee vandag terugbetaal word. Dus kan u geld verloor, maar nog steeds geld maak, solank die waarde daarvan styg" (Matt O'Brien, "*This is crazy: Nestle is getting paid to borrow money*", *WashingtonPost.com*, 4 Februarie 2015).

Die Bybel sê: "... **en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen**" (Spreuke 22:7), maar negatiewe rente klink soos die teendeel! Trouens, negatiewe rentekoerse is 'n simptome van 'n veel groter ekonomiese probleem wat en waarmee ekonome en regerings sukkel om te verstaan en te hanteer. Dit is 'n

probleem wat buite beheer kan spiraal en nasionale ekonomieë kan lamlê omdat soewereine skuld in die afgelope jare opgehoop het. Die wysheid van God se Woord verander nie en soos Spreuke dit stel, kan die lener inderdaad die slaaf van die man word wat uitleen!

Waarom 'n lener betaal om 'n lening te maak?

Waarom sou enigiemand wat geld uitleen die lener wou **betaal** om die lening te aanvaar? Die antwoord is **deflasie**. Deflasie is die teenoorgestelde van **inflasie** en vir 'n groot deel van die vorige eeu het die meeste ekonomieë in die wêreld net inflasie ervaar. Inflasie ontstaan wanneer die waarde van geld daal en die pryse van verskillende goedere en dienste styg. 'n Dollar, peso of euro koop al hoe minder in hierdie geval, omdat inflasie die koopkrag van geld verminder.

Met **deflasie** *verhoog* die waarde van geld egter *en die pryse van goedere daal*. U geld koop al hoe meer. Dit mag na 'n goeie ding lyk, maar in die praktyk kan dit lei tot 'n "deflasiënêre spiraal" en ernstige ekonomiese agteruitgang. Die Groot Depressie van die 1930's is deur deflasie gekenmerk. *Kan*

die moontlikheid van deflasie negatiewe implikasies vir die VSA se ekonomie inhou, veral in ag genome dat die VSA massiewe skuld in die laaste dekade opgehoop het? Dit is die moeite werd om dit in aanmerking te neem.

In deflasionêre tye loon dit beleggers om kontant te hou of dit in hoë gehalte obligasies te belê. Die rede hiervoor is dat die kontant mettertyd al hoe meer werd sal wees, of die skuld sal met dollars, pesos of euros terugbetaal moet word *wat meer werd sal wees as dit wat aanvanklik geleen was*. Met inflasie is leners geneig om te verloor omdat die waarde van die aanvanklike bedrag van die lening verminder, maar met deflasie is leners geneig om daarby te baat – ten koste van die uitleners. In 'n deflasionêre ekonomie sal leners dikwels bereid wees om 'n negatiewe rentekoers te aanvaar, omdat die toename in waarde van die geld nog steeds aan hulle 'n "opbrengs" op die belegging gee. **Negatiewe rentekoerse is dikwels 'n simptoom van deflasionêre verwagtings.**

Die finansiële naslaanbron, *Investopedia*, verduidelik: "Gedurende deflasionêre periodes is persone en besighede geneig om geld op te gaar eerder as om dit uit te gee of te belê. Die resultaat is 'n ineenstorting in die totale aanvraag wat tot pryse lei wat selfs verder daal, 'n verlangsamings of totstilstandkoming in reële produksie en uitsette asook 'n toename in werkloosheid" (Artikel, "Nega-

tive Interest Rate Policy"). Dit is 'n deflasionêre spiraal en dit kan vir 'n regering moeilik wees om dit om te keer. Die deflasie en ekonomiese inkrimping kan op mekaar teer en so resessie of selfs depressie vererger.

Regerings probeer dikwels om deflasie deur 'n verlaging van rentekoerse te bekamp. "n Losse of uitgebreide monetêre beleid word gewoonlik ingespan om met so 'n ekonomiese stagnasie te deal. Wanneer deflasionêre kragte nogtans sterk genoeg is, mag vermindering van die sentrale bank se rentekoerse na zero persent nie voldoende wees om leen en uitleen te stimuleer nie. 'n Negatiewe rentekoerse beteken dat die sentrale bank en moontlik selfs privaat banke negatiewe rente sal hef: *In plaas daarvan om geld vir deposito's te ontvang sal deponeerders gereeld moet betaal om hulle geld in die bank te hou*. Die doel is om banke aan te moedig om geld meer vrylik uit te leen en besighede en individue aan te spoor om te belê, te leen en geld te spandeer eerder as om 'n fooi te betaal om dit veilig te bewaar" (*ibid.*).

Hierdie benadering kan beperkte ekonomiese doeltreffendheid hê en daar is net soveel wat 'n zero of negatiewe rentekoerse kan doen om die aanvraag te stimuleer. Deflasionêre spirale kan moeilik wees om te beheer, gevolglik is regerings baie bang vir deflasie. Die meeste regerings sal eerder lae inflasie verkies – moontlik 2% of so – omdat hulle voel dit is

meer hanteerbaar.

Op sy webwerf verduidelik die VSA Federale Reserweraad sy *inflasiebeleid*: "Waarom mik die Federale Reserweraad vir 2% inflasie met verloop van tyd? Die *Federal Open Market Committee* (FOMC) is van mening dat inflasie teen die koers van 2% ... oor die lang duur meer in ooreenstemming is met die mandaat van die Federale Reserweraad vir prysstabiliteit en maksimum indiensneming. Mettertyd sal 'n hoër inflasiekoers die publiek se vermoë verminder om ekonomiese en finansiële besluite akkuraat te neem. Aan die ander kant sou 'n laer inflasiekoers met 'n verhoogde waarskynlikheid van vervalling in deflasie geassosieer word, wat beteken dat pryse en moontlik loongemiddeldes sal daal – 'n verskynsel wat met baie swak ekonomiese toestande verband hou. Indien daar ten minste 'n lae vlak van inflasie is, maak dit die waarskynlikheid minder dat die ekonomie nadelige deflasie sal ondervind wanneer ekonomiese toestande verswak. Die FOMC implementeer 'n monetêre beleid om te help dat 'n inflasiekoers van 2% oor die medium-termyn gehandhaaf kan word" ("*Why does the Federal Reserve aim for 2 percent inflation over time?*" *Federalreserve.gov*, 26 Januarie 2015).

Hoe suksesvol was die *Fed* met die implementering van hierdie inflasionêre beleid? Nie baie nie! *The Wall Street Journal* berig: "Die Federale Reserwe-

raad se verkose maatstaf vir inflasie het in Februarie *vir 34 agtereenvolgende maande* tekortgeskiet aan die sentrale bank se 2% teiken. Die prysindeks vir persoonlike verbruikers-uitgawes was slegs 0,3% hoër as 'n jaar tevore, het die Departement van Handel gesê ... Die laaste lesing bo 1% was in November” (Jeffrey Sparshott, “U.S. Inflation Undershoots the Fed's 2 Percent Target for the 34th Straight Month”, *Blogs. WSJ.com*, 30 Maart 2015).

Waarom die “reële” rentekoers saak maak, nie die “nominale” koers nie?

Om negatiewe rentekoerse te verstaan, is dit belangrik om te weet wat die verskil tussen “nominale” en “reële” rentekoerse is. Die nominale rentekoers is die spesifieke persentasie rentekoers wat vir betaling ooreengekom is. Eenvoudig gestel, 'n 30-jaar VSA regering Tesourie obligasie mag 'n “nominale” (kontraktuele) rentekoers van 3% op die obligasie hê. Dit sal hierdie koers tot op sy vervaldatum betaal, wanneer die totale aanvanklike bedrag aan die obligasiehouer terugbetaal is.

Die “reële” rentekoers op dieselfde obligasie is 'n bietjie meer ingewikkeld en kan van die nominale koers verskil wat op die obligasie vermeld word. Die “reële” rentekoers – of opbrengs – word gewoonlik beskou as die opbrengs wat die belegger ontvang nadat die nominale koers *vir inflasie aangepas* is.

Byvoorbeeld, indien u 'n 3% obligasie hou tydens 2% inflasie, is u “reële” opbrengs slegs 1%. Dit is omdat die rente wat aan u betaal word 2% minder waarde het as gevolg van inflasie.

Reële Rentekoers = Nominale Rentekoers **minus** Inflasie.

Inflasie *verminder* dus reële opbrengste. Wat gebeur dan met reële opbrengste wanneer daar *deflasie* is? Reële opbrengste *vermeerder*. Deflasie is “negatiewe inflasie”, dus ...

Reële Rentekoers = Nominale Rentekoers **plus** Deflasie.

Indien 'n obligasie dus 'n negatiewe opbrengs van minus 1% het en deflasie is 3%, is die reële koers van opbrengs 'n positiewe 2% vir die belegger. Indien u verkies, kan u geld maak deur net kontant op hande te hou! Tydens deflasiënêre tye, doen mense dikwels presies net dit – maar dit onderdruk die ekonomie nog verder.

Negatiewe rentekoerse in Europa

Sommige lande in die Europese Unie het in onbekende finansiële terrein inbeweeg, te wyte aan deflasie en *onder-zero rentekoerse*. Die *Wall Street Journal* het oor die situasie in sommige Europese lande berig: “Tuimelende rentekoerse in Europa het sommige banke in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas: *Deur geld op lenings aan leners te skuld* ... Minstens een Spaanse bank, Bankinter

SA, die land se sewende grootste uitlener teen markwaarde, het *aan sommige kliënte rente op verbande betaal* deur daardie bedrag van die aanvanklike bedrag wat die lener skuld af te trek” (“*Tumbling Interest Rates in Europe Leave Some Banks Owing Money on Loans to Borrowers*”. *WSJ.com*, 13 April 2015).

Dit mag belaglik klink, maar deflasie werk op daardie manier!

Dit raak al hoe meer belaglik! In Portugal beweeg sommige banklenings oor 'n indeks, soos hulle ook dikwels in die VSA en ander lande doen. Wanneer die indeks laer as zero daal, **word die koers** vir baie leners **negatief** en die banke is aan **hulle leners rente verskuldig!**

Die *Wall Street Journal* berig: “Banke stel rentekoerse op baie lenings vas as 'n klein persentasie bo of onder 'n maatstaf soos Euribor. Wanneer koerse daal, *soms tot onder zero, word sommige banke met die paradoks gekonfronteer deur rente te moet betaal aan diegene wat by hulle geld geleen het* ... Portugal se sentrale bank het onlangs beslis dat banke rente op die bestaande lenings sal moet betaal, indien Euribor plus enige addisionele verspreiding tot onder zero val. Die sentrale bank het egter gesê dit staan uitleners vry om in *toekomstige* kontrakte 'voorkomende maatreëls' te tref. Meer as 90% van die 2,3 miljoen uitstaande verbande in Portugal het veranderlike koerse wat aan Euribor gekoppel is” (*ibid.*).

Het die banke die slawe van sy Portugese leners geword? Beswaarlik. Die negatiewe rente help, maar die inkomste van leners devalueer en hulle betaal 'n vaste numeries leningsbedrag met pesos af wat meer waardevol is as dié wat geleen is. Nie 'n goeie transaksie nie. **In deflasie kan die vaste skulde 'n lener se ondergang beteken.**

Negatiewe rentekoerse in die VSA

Sommige VSA Tesourie Inflasie-Beskermende Sekuriteite (TIPS) se opbrengste is in 'n negatiewe area sedert 2011. Dit verwys dan na *nominale* opbrengste. Baie Amerikaanse Tesourie sekuriteite in die VSA het vir jare negatiewe *reële* opbrengste gehad. Verbruikers word ook daardeur geraak. Indien u geldmarkrekening se opbrengs 0,2% is wanneer daar 2% inflasie is, dan lewer dit 'n negatiewe *reële* opbrengs van *minus* 1,8%. Alhoewel die VSA tans nie deflasie ervaar nie, is **negatiewe reële opbrengste deesdae algemeen in die VSA.**

Deflasie kan ondergang tot gevolg hê!

Inflasie en deflasie raak mense *baie verskillend*. In die 1970's en 1980's was daar heelwat inflasie in die ekonomie van die VSA. Mense wat vaste eiendom besit het, het gesien dat die waardes van die eiendomme dramaties verhoog, terwyl die bedrae van die lenings op die eiendomme onveranderd gebly het. Die leners is dus

bevoordeel terwyl die uitleners verloor het. *In deflasie is die situasie egter net mooi omgekeerd*. Die vaste skuldbedrag moet met valuta afbetaal word wat in waarde toeneem, wat veroorsaak dat die las van die skuld net aanhou groei. Tydens deflasie kan dit skuldleners se ondergang tot gevolg hê soos dit in die Groot Depressie van die 1930's gebeur het. Wanneer daar bekommernisse oor deflasie is, is besighede en huishoudings geneig om hulle skuld af te betaal – sogenaamde “*deleveraging*” [skuldvermindering deur bates te verkoop] – soos wat dit algemeen voorgekom het in die afgelope jare in die VSA en in sommige EU-lande.

In die vroeë 1930's het deflasie tot onder 10% gedaal, wat beteken het dat die uitwerking van persoonlike, besigheds- en soewereine skuld ondraaglik swaar vir leners geword het. Die werkloosheidsyfer het tot 'n verbysterende 25% in die VSA gestyg en selfs erger in ander lande. Daar was groot lyding. Enigiemand wat 'n bietjie geld gehad het, het dit opgegaar, dus was daar al hoe minder geld in omloop. Geen oplossing was in sig nie. Die Tweede Wêreldoorlog het egter sommige ekonomieë tot volle indiensneming laat herstel en toe die oorlog verby was, het baie ekonomieë herstel om goeie groei in die 1950's te ervaar.

In moderne tye het die nasie van Griekeland gesien hoe hulle soewereine skuld die hoogte

inskiet en toe hulle uiteindelik uit krediet geraak het, het die Griekse ekonomie deflasie van meer as 2% ervaar. Kan dit met ander Westerse nasies gebeur?

Deflasie en die VSA se skuld: Toekomstige gevaar?

Soos voorheen genoem, het die VSA se Federale Reserweraad 'n geteikende jaarlikse inflasiekoers van 2%, maar was nie in staat om dit te bereik nie. Dit het by 'n monetêre beleid wat “Kwantitatiewe Verligting” genoem word ingeskakel, waar die ekonomie met biljoene dollars oorstroom is. Normaalweg sou dit stygende inflasie meegebring het, maar tot die verbasing van die meeste ontleders, het inflasie baie laag gebly. Kommer oor die Amerikaanse ekonomie wat in deflasie kan ingaan, was algemeen uitgespreek. Daar moet op gelet word dat *sommige ontleders nog steeds inflasie vir die toekoms voorspel. Niemand weet met sekerheid nie.*

Gedurende die afgelope jare het die VSA se totale soewereine skuld die hoogte ingeskiet. Dit oorskry tans \$18 biljoen, met geen einde van sy groei in sig nie. Daardie bedrag weerspieël wat verskuldig is aan beide buitelandse en binne-landse verpligtings en is byna 100% van die land se bruto binnelandse produk. Dit is ongeveer *vyf keer* die regering se jaarlikse belastinginkomste.

Die VSA Tesourie reik skuld uit met 'n verskeidenheid van termyne – sommige korttermyn, sommige mediumtermyn en ander langtermyn. Langtermyn

Putte sonder water

Deur J. Davy Crockett III

Kan die samelewing 'n droogte van "lewende water" oorleef (Johannes 7:38)?

Sommige berigte gryp mens se verbeelding aan en wil nie los nie – veral wanneer dit by 'n desperate situasie kom wat massas mense raak. Ons sien baie sulke buitengewone kragte wat tans ontketen word, met enorme oorstromings regoor die Suide van die Verenigde State, wat op wydverspreide skade aan eiendom en lewensverlies uitloop, dieselfde tyd wanneer Kalifornië – Amerika se digbevolkste staat, wat net 'n paar honderd kilometer weg is – verdor as gevolg van langdurige droogte.

Opgaardamme se watervlakke is desperaat laag en die gewone bronne wat die watervoorraad aanvul – soos sneeu op die berge en lente-reëns – het nie in 2014 gerealiseer nie en het die ergste droogte in die geskiedenis van Kalifornië tot gevolg gehad. Streng verpligte waterbepelings is ingestel. Landbou wat so belangrik vir Kalifornië en vir die res van die land is, word ernstig ingekort as gevolg van gebrek aan water vir besproeiing. Watergebruik vir tuine, grasperke en ontspanning is ingekort of heeltemal belet in 'n poging om kosbare water vir basiese behoeftes te bewaar. Lugfoto's van Kalifornië se opgaardamme, riviere en strome wys die verwoestende omvang van die droë toestande. Dit is waarlik 'n situasie waar

Kalifornië se inwoners putte sonder water het.

Diegene wat deur hierdie katastrofiese omstandighede geraak word mag in 'n oomblik van stilte wonder: “Waarom? Wat kan hierdie uiterstes tog moontlik beteken?”

Terwyl hierdie fisiese toestande verduur word, veroorsaak 'n ander soort droogte ook groot lyding en onuithoubare probleme. Die VSA en die meeste Westerse nasies beleef 'n **geestelike droogte**. Geestelike beginsels en gedragkodes wat die samelewing vir eeue gerig het, word oorboord gegooi. Afwykende gedrag en perversie word aangemoedig en as “normaal” deur groot segmente van die bevolking aanvaar.

Terwyl toenemend meer perverse aktiwiteite veral in die afgelope jare prominent geword het, is niks hiervan nuut nie. Hierdie selfde toestande het in die antieke stede van Sodom en Gomorra geheers. U kan die verhaal daarvan in Génesis 18 en 19 lees. God het uiteindelik genoeg gehad en hierdie stede verwoes.

Raak soortgelyke aktiwiteite werklik ons lewensomstandighede? Die Bybel sê dit uitdruklik. Deuteronomium 28 bevat die belofte van seëninge vir gehoorsaamheid en vloeke vir ongehoorsaamheid aan God se lewenswyse. Dit sluit selfs die

vooruitsig van droogte in. Oorweeg die volgende: “En jou hemel wat bo jou hoof is, sal koper, en die aarde wat onder jou is, yster wees. Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelig is” (Deuteronomium 28:23-24).

Baie ander verse toon ook aan hoe God die weer gebruik om Sy wil tot uitvoer te bring.

Die apostel Petrus het kommentaar gelewer oor die toestand van geestelike droogte wat deur beseerde dade veroorsaak word. Hy skryf: “Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid dié wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel” (2 Petrus 2:17-18).

Ons behoort medelye met diegene te hê wat onder die uiters droë toestande in die Westelike state gaan ly. Ons behoort nogtans meer sielewroeging te voel vir diegene wat sal ly en vergaan as gevolg van 'n sondige lewenswyse. God is baie genadig om diegene te vergewe wat opreg berou het en hulle lewenswyse verander. Petrus maak dit weereens duidelik: “Die Here verdraag nie

die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet

kom” (2 Petrus 3:9).

Hierdie boodskap van waarskuwing en oproep tot bekering is die doel van die Werk wat ons by die *Wêreld van Môre*

doen. Vir diegene wat na hierdie boodskap luister, “... hulle siel sal wees soos 'n welbesproeiende tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie” (Jeremia 31:12). **WtM**

Vervolg vanaf bladsy 20 – Koning Knoet en die Bron van Gesag

Dit wat die aarde en die see gehoorsaam:

En sy goue kroon van die ryk

Het hy nooit weer gedra sedert daardie dag.

Koning Knoet is dood en weg:

Parasiete bestaan vir altyd”.

Volgens die digter, het koning Knoet se parasitiese adviseurs op sy prestige geteer terwyl hulle probeer het om sy ego op te blaas. Die koning se bevel aan die branders is uitgereik om aan sy volgelinge te bewys dat God, wat deur die branders gehoorsaam word, die werklike bron van mag is.

Terwyl die storie op talle maniere vertolk was, het die Universiteit van Cambridge se Professor Simon Keynes, aangevoer dat, “die storie bedoel is om sy godvresendheid te illustreer – 'n uitstaande kenmerk van sy koningskap ... Hy weet sy mag is niks vergeleke met dié van God nie” (*“Is King Canute misunderstood?”*, *BBC News*, 26 Mei 2011).

Keynes gaan voort, “[Knoet] was 'n standvastige heerser ... Alhoewel hy gekom het om met wapengeweld oor die Engelse te

heers, het hy verstandig met die situasie gehandel en altyd met skerpsinnige politieke verstandigheid opgetree” (*ibid.*).

Politiek versus God se wil

Wanneer verkiesingstyd aanbreek sal baie opregte kiesers, in die geloof dat hulle hulle burgerlike plig uitvoer, na die stemlokaal koers kies. Behoort Christene hulleself dus af te vra: “Vir wie sou Jesus stem?”

Dit is eintlik die verkeerde vraag om te vra. Christus het duidelik verklaar dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Diegene wat Hom wil volg sal hulleself nie met die politieke of militêre sake van hierdie wêreld bemoei nie (Johannes 15:19; 18:36). Die apostel Paulus leer ons: “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel” (Romeine 13:1).

Christene is ambassadeurs van die Koninkryk van God, met hulle burgerskap in die hemel (2 Korinthiërs 5:20; Filippense 3:20). Hulle sal die menslike regering respekteer, terwyl hulle bewus is dat Satan die duiwel tans oor die nasies van hierdie wêreld heers (Matthéus 4:7-10; Efésiërs 2:2; Openbaring 12:9).

God het toegelaat dat dit vir nou so sal wees.

Terwyl dit die geval is, sal ware Christene nie aan die politieke stelsels van hierdie wêreld deelneem nie. Hulle sal hulleself eerder ten volle daarop toelê om God se wil te soek en om die verkondiging van die Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God te ondersteun (Johannes 4:34).

Die profeet Daniël voeg by: “Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daarvoor aanstel” (Daniël 4:17).

By tye mag God persone van wie ons nie hou nie in verskeie politieke ampte plaas, maar in Jesaja 46:10 sien ons dat God die “einde van die begin af” verklaar. Ons behoort te besef dat God se doel en plan sal staan, ongeag die uitslag van die politieke veldtog en die stemmery.

Aansluiting by die Bron van Gesag

Ware Christene sal op God vertrou om uit te sorteer wie in gesag behoort te wees. Ons kan dit in Sy almagtige hande laat.

London Roep

Koning Knoet en die Bron van Gesag

Deur Adam J. West

Die somer van 2015 kenmerk die duisendste jaar sedert die Viking-inval in Engeland deur Knoet en die aanvang van sy veldtog om koning van Engeland te word. Watter lesse kan uit die legendariese lewe van koning Knoet geleer word? Op watter wyse maak Knoet se begrip van die ware Bron van Gesag 'n impak op ons siening van die wêreld se moderne politieke stelsel?

Koning Knoet die Grote

Knoet is as die seun van koning Swegen (Sweyn) Gaffelbaard van Denemarke gebore ongeveer 990–1000 n.C., hoewel die presiese datum onbekend is (*Cnut: Engeland's Viking King*, M.K. Lawson, bl. 20, 160). Swegen is in 1013 n.C. koning van Engeland gemaak, maar het minder as 'n jaar later gesterf. Die voormalige koning van Engeland, Ethelred (Æthelred) die Onvoorbereide, wat gevlug het toe Swegen die land binnegeval het, is summier opgeroep om na Engeland se troon terug te keer (*ibid.*, bl. 48).

Intussen het Knoet in 1015 n.C. na Denemarke teruggetrek, 'n leër op die been gebring en na Engeland teruggekeer om Ethelred se magte uit te daag. In die loop van die volgende jaar

het Knoet die grootste deel van Engeland, met die uitsondering van Londen, beset. Na die dood van Ethelred, het die Engelse raad Knoet as hulle koning gekies, terwyl Londenaars Ethelred se seun, Edmund II Ironside, as hulle koning gekies het.

Knoet se oorwinning in Ashingdon tydens die slag van Assandun op 18 Oktober 1016 n.C., het hom aangespoor om 'n ooreenkoms tussen homself en Edmund aan te gaan om die koninkryk te verdeel. Edmund het egter sowat ses weke later gesterf aan beserings wat hy op die slagveld opgedoen het. Gevolglik het Knoet heerser oor die hele Engeland geword (*Oxford Popular History of Engeland*, bl. 108-9).

Die Viking oorwinnaar Knoet, het as koning *Knoet die Grote* bekend geword. Hy het oor, wat destyds 'n ontsaglike groot ryk was, regeer. Hy het oor Engeland, Denemarke, Noorweë en dele van Swede gesag uitgeoefen tot sy dood in 1035 n.C. 'n Groot deel van Knoet se lewe is aan die stuur van 'n groot moondheid bestee. Waarin word werklike mag egter gesetel? Dit wil voorkom of Knoet die antwoord op hierdie lewensbelangrike vraag verstaan het.

Heerser van die golwe

In 'n ou en bekende legende het koning Knoet langs die see op die strand geloop. Terwyl al sy dienaars gevolg het, het hulle die koning lof toegeswaai in misleide eerbied en gesê dat hy selfs die golwe kan beheer. Knoet het gevra dat sy troon na die strand gebring word, waarna hy daarop gaan sit het. In 'n doelgerigte vergeefse poging, het hy die branders bevel gegee om op te hou breek.

Ten spyte van Knoet se bevel het die branders voortgegaan met hulle meedoënlose aanslag op die strand en op sy voete. In teregwysing het Knoet gereageer: “Laat almal weet hoe leeg en waardeloos die mag van konings is, aangesien niemand waardig vir die naam is nie, behalwe God, wat deur die hemel, die aarde en die see gehoorsaam word”.

Die 19de eeuse Engelse skrywer, William Makepeace Thackeray, kom in sy gedig met die titel “Koning Knoet”, tot die volgende gevolgtrekking:

“En hy beveel hulle streng om nooit meer

Te kniel voor menslike klei,

Maar om slegs te loof en te aanbid

Vervolg op bladsy 19

Die Werk van Sy hande

“Laat daar lig wees!”

Deur Wallace Smith

Die Bybel begin met 'n toneel van goddelike mag: God se skepping van die wêreld rondom ons – en Sy aanvanklike uitspraak in daardie skepping is 'n verklaring wat diepgaande in sy eenvoud is en in die mag wat dit verteenwoordig: “Laat daar **lig** wees” (Génesis 1:3)! Het u al ooit nagedink oor die wonderlike eienskappe van die vreemde substansie wat ons “lig” noem? Waarlik, dit is 'n wonder van God se skepping! Wat kan hierdie werk van Sy hande ons oor ons Skepper leer?

Hy wil sekerlik *hê* dat ons iets moet leer! God en Sy Seun word op *baie* plekke in Sy Woord geassosieer met lig. Byvoorbeeld, God inspireer die apostel Johannes om te verwys na Jesus Christus as: “Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld” (Johannes 1:9). Jesus sê: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê” (Johannes 8:12). Soos lig, verlig die leerstellings en Christus se voorbeeld die wêreld vir die oë van diegene wat daardeur sou leef.

Koning Dawid het dieselfde sentiment op 'n pragtige en digterlike wyse uitgedruk en sing tot God: “Want by U is die fontein van die lewe; in U lig sien ons die lig” (Psalm 36:10). Wanneer hy die Gesin van God verder

beskryf – God die Vader en die verheerlikte Jesus Christus en Hulle hemelse bestaan – beskryf die apostel Paulus Hulle as dat Hulle “'n ontoeganklike lig bewoon” (1 Timótheüs 6:16). Dit is duidelik dat God bedoel dat ons Sy aard, karakter en Homself moet vereenselwig met die lig wat Hy geskep het om ons wêreld te vul en te verlig.

Wat is lig?

Wanneer ons noukeurig let op wat die wetenskap oor die kenmerke en aard van lig ontdek het, sien ons baie unieke en verrassende eienskappe wat ons aan die baie unieke en verrassende eienskappe van God Self laat dink.

Byvoorbeeld, presies wat *is* lig? Fisici en navorsers het daardie vraag ondersoek en vir baie jare gedebatteer. Die debat behels twee oënskynlik onversoenbare moontlikhede: Lig was óf saamgestel uit *golwe*, soortgelyk aan klankgolwe of 'n golf van water, óf dit was uit *deeltjies saamgestel*, klein pakkies energie wat in reguit lyne vlieg soos koeëls uit 'n geweer.

Golwe is nie deeltjies nie en deeltjies is nie golwe nie – dit skyn dus absoluut onmoontlik vir enige voorwerp om beide 'n deeltjie **en** 'n golf te wees. Die onvermydelike gevolgtrekking na jare van navorsing en eksperimente is nogtans dat lig

inderdaad *albei* is! Somtyds tree lig soos 'n golf op, somtyds soos 'n deeltjie en in baie vreemde oomblikke, as *albei* op dieselfde tyd.

Hierdie onbegryplike aard van lig, wat teenstrydig as 'n deeltjie en 'n golf bestaan, kan ons laat dink aan die skynbaar onverstaanbare aard van God Self. Soos die apostel Paulus skryf: “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!” (Romeine 11:33). Inderdaad, “wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig?” (1 Korinthiërs 2:16).

Nog 'n verstommende kwaliteit van lig is sy *spoed*. Niks in die heelal is vinniger nie! Lig beweeg teen ongeveer *298,000 km per sekonde*. Teen daardie spoed, kan 'n ligstraal 40,000 km, die afstand rondom die aarde, in minder as twee-tiendes van 'n sekonde trek – letterlik in 'n oogwink!

Die wette van fisika, soos ons dit tans verstaan, sê dat lig nie net onbegryplik vinnig is nie, dit is ook die vinnigste ding in die fisiese heelal. Ongeag van hoe vinnig 'n mens kan versnel, mens kan nooit in hierdie fisiese wêreld, vinniger as die spoed van lig reis nie. Dit is die uiterste, onoortreflike “spoedgrens”!

In hierdie aspek van lig, is dit nie moeilik om 'n weerspieëling van die volmaakte en onoor-

trefflike geregtigheid en heilighheid van ons Vader in die Hemel te sien nie! Soos Hy Self sê: “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:9). Dawid sê dan: “Ook is u geregtigheid, o God, tot in die hoogte; U wat groot dinge gedoen het, o God, wie is soos U?” (Psalm 71:19).

Nog 'n vreemder aspek van die spoed van lig is selfs die feit dat dit *konstant en onveranderlik* vir alle waarnemers is, maak nie saak hoe vinnig hulleself reis nie! Hierdie eienskap van lig, moontlik die vreemdste van alles, lyk dalk nie vreemd nie, totdat mens bietjie daaroor nadink. Wat beteken dit?

Dit is maklik om te verstaan as ons dink aan hoe dit is om in 'n motor te ry.

Stel uself voor dat u teen 70 km per uur in 'n motor op die snelweg ry. Indien 'n motor langs u ook teen 70 km per uur ry, dan lyk dit of die ander motor *relatief tot u* doodstil staan. Indien 'n ander motor egter teen 75 km per uur by u albei verbyry, lyk dit dan of die vinniger motor *relatief tot u*, net teen 5 km per uur ry. Vir iemand wat langs die pad staan, lyk dit nogtans of twee motors vinnig beweeg en 'n derde selfs

nog vinniger ry!

Met ander woorde, die spoed wat waargeneem word is relatief tot hoe vinnig die waarnemer beweeg.

Nie so met *lig* nie!

Lig se konstante karakter

Albert Einstein het in sy beroemde relatiwiteitsteorie voorgestel dat die spoed van lig altyd onveranderlik is – *altyd dieselfde* – vir alle waarnemers oral, maak nie saak hoe vinnig hulle self ook reis nie.

Byvoorbeeld, ongeag of 'n waarnemer doodstil staan of teen 'n baie vinnige spoed van 1,079,252,847 km per uur ry – net een km per uur stadiger as die spoed van lig – sal dit geen verskil maak nie: Dit sal *altyd* in elke enkele geval, vir elke waarnemer lyk of lig teen presies *dieselfde spoed trek!* Die spoed van lig is absoluut konstant vir almal, oral, te alle tye!

Hoewel dit mag lyk of dit nie sin maak nie, is hierdie eienskap van lig elke keer in elke eksperiment bevestig.

Hierdie merkwaardige aspek van lig – dat sy spoed onveranderbaar en onveranderlik vir enige en alle waarnemers en in alle situasies is – behoort ons te herinner aan die

getrouheid en die konstante karakter van ons Skepper! Soos Jakobus, die half-broer van Jesus, aan ons sê: “Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie” (Jakobus 1:17). Selfs die goddelike naam wat aan Moses geopenbaar is: “EK IS WAT EK IS” (Exodus 3:14), weer-spieël God se standvastigheid regdeur alle tye – altyd betroubaar, altyd getrou en altyd *goed*.

Dit is maklik om te verstaan waarom sommige mense lig as die merkwaardigste substansie in die hele fisiese heelal beskou – 'n verstommende element van God se wonderbaarlike skepping!

Met sy versameling van uitnemende en verstommende eienskappe, kan lig ons baie wenke gee van die oortreffende en verstommende eienskappe van ons wonderlike God! Waarlik, soos Paulus skryf: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid” (Romeine 1:20). **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 19 – Koning Knoet en die Bron van Gesag

Intussen kan ons, deur middel van 'n aktiewe gebedslewe, 'n innige verhouding met Hom ontwikkel. Hy kan en sal kragtig namens u ingryp, indien u Hom

heelhartig soek. Lees ons inspirerende gratis boekie, *Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed*, om meer te leer.

Volgens die legende het

koning Knoet erken dat die God wat deur die branders gehoorsaam word, die werklike Bron van Gesag is. Sal u ook?

WvM

Vrae & Antwoorde

Onbeholpe grammatika behoort ons nie te verhoed om God se Woord te verstaan nie.

VRAAG: In Génesis 9 lyk dit met die eerste oogopslag of Gam 'n betreuenswaardige daad teenoor sy vader Noag gepleeg het, maar dat Kanaän die vervloeking as gevolg van daardie daad ontvang het. Waarom sou God 'n seun vervloek vir sy pa se optrede, as dit werklik is wat beskryf word? Watter soort daad kon so laakbaar wees as om so 'n vervloeking te regverdig? Hierdie gedeelte van die Skrif maak nie vir my sin nie. Wat is werklik aan die gang in Genesis 9?

ANTWOORD: Kom ons begin deur die weergawe van Génesis 9:22-24 in die Ou Afrikaanse Vertaling in aanmerking te neem: “En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee. Toe neem Sem en Jafet die bo-kleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie. Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het”.

Hierdie gedeelte beklemtoon twee keer die rol van Kanaän, wat as Gam se seun geïdentifiseer word. In die frase “sy jonger seun” verwys die “sy” nie na Noag nie, maar na Gam. Hoe kan ons seker wees? Gam was nie die “jonger” seun (*Strong* se H6996, impliseer “jongste” volgens Bybelse Hebreeus) van Noag nie; Jafet was wel (Génesis 5:32). Kanaän was inderdaad die jongste seun van Gam (Génesis 10:6).

Ons moet daarop let dat Genesis 9 glad nie die enigste Skrifgedeelte is wat sodanige verwarring ten opsigte van voornaamwoorde veroorsaak nie. In Exodus 34 vind ons: “En hy [Moses] was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie. En Hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe” (vers 28). Ons weet dat God elders in die Skrif, nie Moses nie, die Tien Gebooie op die kliptafels geskryf het (Exodus 31:18; Deuteronómium 9:10). Dus, terwyl 'n mens ongeërgd lees klink dit asof Moses die “hy” is wat die Tien Gebooie op die kliptafels geskryf het, maar ons weet dat die voornaamwoord “Hy” in werklikheid dui op God as die skrywer [Die vertalers het dus korrek “Hy” met 'n hoofletter geskryf, terwyl die oorspronklike Hebreeus nie hoofletters het nie].

Wat het Kanaän dan gedoen om so 'n vloek te verdien?

Ons weet uit die Skrif dat dit nie 'n ooreengekome daad was nie; die oortreding het plaasgevind terwyl Noag bedwelmd was. Noag was nie bewus van wat Kanaän gedoen het nie, totdat hy wakker geword het uit sy dronkenskap. Ons weet dat

dit 'n oortreding was wat te doen gehad het met Noag se naaktheid.

Dwarsdeur die Ou Testament vind ons variasies van die frase “skaamte ontbloom” [naaktheid]. In die konteks van die Skrif, impliseer dit om iemand se naaktheid te ontbloom, 'n skending van seksuele fatsoenlikheid is.

Presies wat was die skending? Hier gee die Bybel ons net 'n paar leidrade. Dit was 'n seksuele sonde en was iets wat Kanaän aan sy oupa Noag gedoen het sonder toestemming. Om 'n moderne Afrikaanse uitdrukking op die daad van toepassing te maak, kan mens sê dit was 'n daad van homoseksuele verkragting. Vir sommige mense mag die idee van 'n homoseksuele daad wel toestemming tussen die deelnemers impliseer, sodat die minder-gebruikelike term “man-tot-man verkragting” dalk 'n meer akkurate beskrywing van Kanaän se afskuwelike seksuele aanranding teenoor sy oupa was. Sels “verkragting” mag nie 'n raadsame woordkeuse wees nie, aangesien die Skrif nie die presiese aard van die gruwelike daad van Kanaän duidelik maak nie.

Wat is die gevolg van daardie vloek? Vir baie eeue was Noag se vervloeking van Kanaän – wat dikwels verkeerdelik die “vloek van Gam” genoem word – gebruik om die mishandeling van mense wat geïdentifiseer word as afstammeling van Gam, te regverdig. Vir huidige Christene egter, verhinder geen antieke vloek – asook geen huidige ekonomiese of maatskaplike status hulle om deur Christus (Galásiërs 3:28), God se volle seën te ontvang nie. In ons moderne tyd word die praktyk van slawerny wyd as 'n gruwel erken, maar vandag se Christen word as “Christus se slaaf” beskryf (1 Korinthiërs 7:22) en as 'n dienskneg van Christus – wat Homself beskryf dat Hy in die vorm van 'n dienskneg gekom het (Filippense 2:7). Ten spyte van eeue se misbruik van die Génesis 9 verhaal, is geen mens geskape om inherent die dienskneg van 'n ander mens te wees nie, maar as Christene word ons almal geroep, nie vervloek nie, om dienaars van ons medemens en van ons Verlosser, Jesus Christus, te wees. **WvM**

Profesie neem

Die Verenigde Nasies op 70

Die 24ste Oktober 2015 is gekenmerk deur die 70ste herdenking van die stigting van die Verenigde Nasies, 'n internasionale liggaam wat strewe “om komende geslagte van die plaag van die oorlog te red” en om “geloof in fundamentele menseregte te bevestig” volgens die voorskrifte van hulle handves.

Die organisasie wat deesdae uit 193 lidlande bestaan, het 70 jaar gelede met net 51 lidlande begin. Ten spyte van 70 jaar se groei in die VN se sigbaarheid en invloed rondom die aardbol, word planeet Aarde vandag nog steeds geteister deur oorlog, menseslagting, verkragting, hongersnood en die ontworteling van die swakkes en kwesbares.

Sal die mensdom dus ooit wêreldwye vrede bereik? Sal ons wêreld die lesse van die VN se eerste 70 jaar leer? Kan ek en u individueel slaag, selfs waar die VN misluk het?

Regdeur 'n groot deel van 2015 het die Verenigde Nasies belangrike geskiedkundige mylpale herdenk ter voorbereiding vir sy “VN70” verjaardagvieringe. Gedurende dieselfde tyd het miljoene mense nogtans voortgegaan om onder geweld te ly terwyl die VN se leiers erken dat die organisasie se kapasiteit deur toenemende komplekse en

ernstige uitdagings regoor die wêreld verbygesteek word.

Tydens 'n onlangse forum in Oslo, het die Sekretaris-Generaal, Ban Ki-moon, 'n ontstellende waarskuwing uitgereik dat “die kapasiteit van die Verenigde Nasies en sy vennote om in humanitêre behoeftes te voorsien, onder 'ongekende druk' verkeer”. Sal die Verenigde Nasies en sy lidlande – so onvolmaak soos wat menslike regerings maar is – in staat wees om hierdie “ongekende” uitdagings om vrede en fundamentele regte, nou of in die afsienbare toekoms, te vestig?

Die ontnugterende antwoord is “Nee”. Alhoewel die VN soos so baie ander instellings probeer om goed te doen, weet ons dat sonder God se Wet, ons die vervulling van Jesaja se profesie sal sien: “Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie” (Jesaja 59:8). U Bybel voorspel verder dat in die jare wat voorlê, *al die agentskappe en al die nasies oorweldig sal word* deur toenemende geweld wat tot die “Groot Verdrukking” sal lei – die ergste tyd van oorlog en lyding wat die wêreld nog ooit beleef het (Matthéüs 24:21; 2 Timóteus 3:1)!

Die VN se onmoontlike taak

Tussen 1945 en 2000, het na raming soveel as 51 miljoen mense in ongeveer 250 oorloë regoor die wêreld gesterf! Dit sluit nie die talle ander miljoene mense in wat verkrag, beseer, vervolgd, ontwortel en tot slawe gemaak is nie. In Afghanistan en Pakistan alleen, het sedert 2001 'n geskatte 149,000 mense gesterf en 162,000 mense is ernstig beseer in plaaslike oorlogvoering. Sedert 2003 het meer as 134,000 *burgerlikes* deur die oorlog in Irak gesterf – nog voor die aanvalle in 2014-15 deur die Islamitiese staat se troepe – wat volgens die VN se beraming sal veroorsaak dat daar meer as drie miljoen mense, vlugteling en ontworteldes sou word voor die einde van 2015.

Regdeur die hele 20ste eeu het ten minste 108 miljoen mense in oorloë gesterf en geskiedkundiges het bereken dat in die laaste 3,400 jaar van die menslike beskawing, die mensdom slegs vir 268 jaar lank relatiewe vrede gehad het – net vir 8% van die aangetekende geskiedenis.

Die VN het tans sowat 120,000 vredesmag lede in 16 lande op 4 kontinente ontplooi. Waar is die vrede, sekuriteit en veiligheid dan in Sirië? Waar is die vrede in die Oekraïne? Waar is die “fundamentele mense-

gestalte aan

regte” in Noord-Korea, groot dele van Afrika en die Midde-Ooste? Waar is die versekering van vrede en veiligheid, selfs in dele van Europa, Australië en die Verenigde State waar misdaad, kindermishandeling, verkragting, moord, afpersing en geweld hoogty vier?

Ware vredesmagte, God se manier!

Alhoewel ons kan besef dat baie mense in die VN werklik probeer om te help, het die VN misluk en *sal dit misluk* om vrede na die wêreld te bring. In sy 70 jaar, het dit *nie* sy doelwitte bereik nie en *kan nie* sy doelwitte bereik nie. Huidige gebeure en Bybelse profesie toon dat die mensdom op pad is na groter oorlog en konflik in die jare wat voorlê (vgl. Matthéüs 24:3-21; Openbaring 6).

Gelukkig weet Bybel-studente egter dat dit nie meer lank sal wees voor vrede en voorspoed, oorfloed en wettigheid, veiligheid en menswaardigheid gevestig *sal* word nie! Dit is 'n belofte wat op God se Woord gebaseer is! Dit *sal* plaasvind. Terwyl die VN nie sy doelwitte in hierdie tydperk kan bereik nie, *is daar hoop* vir 'n beter wêreld wat kom!

Is *u* geroep om deel van hierdie grootse doelstelling te wees? Die VN se storie is 'n boeiende een, maar sy mis-

lukkings en suksesse is eenvoudig verswakke menslike voorbeelde wat op 'n groter waarheid dui – dat wêreldvrede slegs kan kom wanneer God dit na die aarde toe bring deur die Wederkoms van Sy Seun, Jesus Christus!

Na die VN se 70 jaar is die hartseer en bloedige feite: Die organisasie was *nie* in staat om “komende geslagte van die plaag van oorlog” te red nie. Die VN was *nie* in staat om vrede oor die hele aarde te vestig nie. Wanneer inwoners van die platteland en woestyne, van Asië tot Latyns-Amerika en die stede van Kaboel, Mogadisjoe, Bagdad, Ciudad Juarez en Abidjan – selfs ook die stede van Detroit, Chicago, Londen, Parys, Mexico Stad en Pretoria – in vrees rondloop, is dit duidelik dat die mensdom nie die pad van vrede gevind het nie. Dit is pynlik duidelik dat die VN *nie* sy doelwitte of sy verwagtings bereik het nie!

Die wêreld benodig eerder Christus se kragtige en volmaakte heerskappy, maar die wêreld benodig ook leiers wat onder Christus sal heers en wat geleer het om God se opdrag in Deuteronómium 16:19 te vervul om nie die reg te verdraai nie, nie partydig te wees nie en geen omkoopgeskenk aan te neem nie. Die wêreld benodig leiers wat onder Christus sal regeer,

wat “n regverdige [is], 'n heerser in die vrees van God” (2 Samuel 23:3). God vereis regverdige leiers want Hy is regverdig en omdat Jesus Christus, wanneer Hy weer kom, regverdig sal regeer (vgl. Jesaja 11:3-4)!

Ware Christene word vandag geroep om die goeie nuus van Christus se Wederkoms en die komende Koninkryk van God te verkondig (Markus 16:15) en word nou opgelei om die leiers in die Millennium – in die Wêreld van Môre – te word. Die wêreld het Christus se Wederkoms nodig en die wêreld het ook dié toekomstige leiers nodig wat vandag leer om *God te verheerlik* in alles wat hulle doen (Romeine 15:6; 1 Korinthiërs 6:20), wat nou leer om *ander te dien* (Galásiërs 5:13) en om nou *volgens God se Wet te leef* (1 Johannes 5:2-3), om *nederigheid, liefde, geloof en al die vrugte van die Gees* nou te beoefen (Galásiërs 5:22-23), om nou *vredeliewend* te wees (Matthéüs 5:9, Jakobus 3:17), om nou *reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?* (Miga 6:8).

Vandag se Christene word geroep vir 'n grootse en ontsagwekkende doel – om 'n doel te vervul wat eenvoudig buite die vermoë van die VN of enige menslike verteenwoordiging is. Ware Christene word vandag geroep om voor te

berei vir hulle bestemming om onder Jesus Christus te regeer (Jesaja 30:21; Lukas 22:26-27; Openbaring 5:10; 20:4-5) in die

Koninkryk van God, op hierdie aarde. Op 'n dag, nie te lank van nou af nie, sal die teruggekeerde Christus en Sy opgestane

heiliges slaag waar die VN misluk het. Mag God daardie dag bespoedig!

—Wyatt Ciesielka

Vervolg vanaf bladsy 11 – Oorleef moeilike tye

te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35). Jesus Christus het vir ons die voorbeeld van 'n dienende gesindheid gestel. “Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar

om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie” (Matthéüs 20:25-28).

Ons behoort almal Christus se voorbeeld te volg deur andere te dien, te help en vir hulle om te gee.

Kyk op na Christus!

As Christene kyk ons op na die Verlosser van die wêreld om ons persoonlik deur moeilike tye te red. Ons eis God se beloftes op en ons leef elke dag deur geloof. Die apostel Paulus was in kettings in die tronk. Hy het met die lidmate in Filippi sy positiewe gesindheid en geloof

in Christus gedeel. Hy het ook daarna gestreef om verder as oorlewing te gaan. “Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:12).

Maak seker dat u na die Koninkryk van God uitsien. Bly ná aan God en vertrou op Christus om u deur moeilike tye heen in Sy Koninkryk in te bring.

WvM

Vervolg vanaf bladsy 17 – Deflasie

obligasies mag eers na 'n paar dekades in die toekoms opeisbaar word. Aangesien rentekoerse op historiese laagtepunte was, was die neiging om van die korter termyn na die langer termyn te verskuif. Wat sal met die VSA se skuld las in 'n deflasiënêre omgewing gebeur? Die waarde van daardie skuld sal toeneem en die “reële rentekoers” sal die hoogte inskiet. Dit kan 'n verpletterende las vir die VSA se Tesourie en die VSA se belastingbetaler wees.

Bybelprofesie openbaar die “toekomstige geskiedenis” van hierdie huidige wêreld en die rolle wat die vername nasies van vandag gaan speel namate die Bybelse verhaal van die einde

van hierdie tydperk afspeel. Die *Wêreld van Môre* het lank reeds die opkoms van 'n groot Europese ekonomiese mag voorspel wat die wêreld-ekonomie in daardie tyd sal oorheers. Die *Wêreld van Môre* voorspel egter nie die *spesifieke koers* wat die VSA en verskeie wêreld-ekonomieë sal inslaan – of die *tydsberekening* daarvan nie en probeer ook nie om beleggingsadvies te gee nie. Ons lesers behoort egter wel bewus te wees van vandag se baie ongewone ekonomiese toestande in die wêreld en hoe dit deur die twee verskynsels van *deflasie en negatiewe rentekoerse* in sommige lande geraak word. Soos die skielike

ekonomiese ineenstortings van 1929 en 2007 getoon het, kan die ekonomie vinnig verander!

Die Bybel sê: “... **en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen**” (Spreuke 22:7). Kan 'n nasie wat 'n “dienskneg van die sonde” is (Johannes 8:34) homself in 'n vorm van fisiese slawerny bevind? Sal deflasie 'n verpletterende skuld las vir die VSA tot gevolg hê? Kan die VSA ooit \$18 biljoen terugbetaal, veral in 'n deflasiënêre omgewing? Die tyd sal wel leer, maar van een ding kan ons seker wees, op die ou einde sal die uitleners aandrang om betaal te word! WvM

Glo u die Ware Evangelie?

*Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie!
Wat het Jesus bedoel met “die Koninkryk van God”? Hier is die
opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN ’n nuwe wêreld kom!*

Skryf in of skakel ons vir u gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

24:21-22 aangekondig het. Ons benodig dieselfde toewyding as ons Here in die uitvoering van ons Godgegewe roeping. Jesus kondig aan: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Johannes 4:34).

God sal meer geloof aan u gee indien u u na Hom wend en Sy Woord vir algehele leiding in u lewe bestudeer. Soos die apostel Paulus skryf, waar hy die profeet Jesaja aanhaal, in Romeine 10:17: “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God”. Maak seker dat u elke dag u Bybel lees. Soos u weet, streef ons by die *Wêreld van Môre* daarna om die eerste-eeuse Christenskap uit te leef soos ons deur Jesus Christus en Sy Apostels geleer word. Ongelukkig is daardie ware Christenskap deur menslike organisasies verdorwe deur Christus se leerstellings met verskeie heidense idees en gebruike te vermeng. As gevolg hiervan is die grootste “Christelike” kerke van vandag eintlik in heelwat opsigte baie meer heidens as wat hulle Christelik is.

Om sake te vererger het sommige van hierdie nominale Christelike groepe die afgelope paar dekades afstand gedoen van fundamentele Christelike leerstellings. Sou u uself kon indink dat hoofstroom Presbiteriaanse of Episkopaalse kerke selfs 30 jaar gelede openlik homoseksuele

predikante sou aanstel en dieselfde-geslag “huwelike” vir hulle lede sou voltrek?

Ongelukkig het baie van hierdie denominasies wat uit protes gestig is as gevolg van die foute wat hulle in hulle Rooms-Katolieke “moederkerk” gevind het, nou begin om af te dwaal en te verval in verkeerde dinge wat selfs die moederkerk nie aanvaar nie! Om meer hieroor te leer, wil ek u aanmoedig om die artikel, “’n Wekroep aan alle Protestante!” deur ons Hoofredakteur, Roderick C. Meredith, elders in hierdie tydskrif te lees.

Ja, ons leef in tye van groot verwarring. Daardie verwarring is gedeeltelik ekonomies van aard. Baie van ons het tye van beduidende inflasie beleef, tye toe die pryse van goedere en dienste die hoogte ingeskiet het, terwyl ons salaris-tjeks ongeveer dieselfde gebly het. Daar is ook ander ekonomiese gevare wat voorlê. Dink daaraan wat kan gebeur in tye wanneer die ekonomie voor die teenoorgestelde van inflasie te staan kom – deflasie. Om meer oor hierdie verskynsel te leer – waarom dit saak maak en hoe dit ons wêreld kan beïnvloed, namate ons die einde van hierdie huidige tydperk nader – lees gerus die artikel “Deflasie” deur Dexter Wakefield elders in hierdie tydskrif. In ons moderne samelewing sal die meeste mense eerder van pop-sterre of skinderstories uit die vermaaklikheidsbedryf wil hoor, maar mnr. Wakefield se onderwerp is

belangrik en selfs al is u nie 'n ekonoom nie hoop ek dat u sy artikel noukeurig sal lees.

Met tradisionele godsdiens aan die kwyn en met die wêreld-ekonomie wat in gevaar verkeer, kan dit maklik wees om moed te verloor en in pessimisme en selfs depressie te verval. Daar is nogtans altyd hoop vir ware Christene. Lees asseblief my artikel, "Oorleef moeilike tye" elders in hierdie uitgawe. Dit maak nie saak voor watter probleme u te staan kom nie, u kan dit verduur en selfs floreer indien u die riglyne volg wat God in die Bybel vir ons voorsien het.

Hou u oog op die "geheelbeeld"!

Soos u sal lees is een van die heel belangrikste hulpmiddels vir oorlewing en selfs verder as oorlewing, om u hart en gedagtes te fokus in die vervulling van die Groot Opdrag wat Jesus Christus aan sy volgelinge gegee het. Indien u dit doen, sal u vind dat u eie probleme baie minder belangrik in die "geheelbeeld" van dinge lyk.

U kan natuurlik nie aan ander gee wat u self nie

het nie. Sommige van u wat hierdie tydskrif lees mag dalk nog nie die Bybelse doop van algehele onderdompeling in water aanvaar as 'n teken van u bekering en die simboliese "dood" van u ou vleeslike eie-wil nie. Indien u oor u sonde berou het en u wil Christus se gebooie so volledig moontlik nakom en God se Heilige Gees ontvang om u te help om te oorwin en as 'n Christen te groei, kontak dan asseblief die streekkantoor die naaste aan u en ons sal u in kontak bring met een van ons verteenwoordigers wat met u oor bekering en doop sal praat.

Waarlik, indien u leer om die Christelike manier van uitgaande besorgdheid vir ander mense uit te leef en indien u u lewe en hart daaraan wy, soos Jesus gedoen het, om God se Werk uit te voer, sal u vind dat Hy u eie lewe toenemend sal seën op maniere wat u uself nooit sou kon voorstel nie.

Richard F. Ames

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**